

Die broederliefde moet bly



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Hebreërs 13, Romeine 12:13, Efesiërs 5:3–5, 1 Petrus 5:1–4, Hebreërs 2:9, Hebreërs 4:16, Galasiërs 2:20.

Geheeteks: “Die broederliefde moet bly.” (*Hebreërs 13:1*).

Hebreërs 13 bied ’n oorsig oor die samevatting van die postel se laaste bemoedigingsrede: “Laat die broederliefde bly” (*Heb. 13:1*). In die sendbrief het Paulus deurgaans bevestig dat ons deelgenote is van die gesin van die Koning en Hoëpriester, Jesus: ons is Sy broers en susters. Die skrywer gaan deurgaans ook van die standpunt uit dat die lesers nie slegs individue is wat elk hulle saligheid op die hart dra deur ’n persoonlike verhouding met Jesus te bou nie, maar ook as ’n gesin, of ’n huishouding, wat saam die saligheid beërwe. Paulus kenmerk die [bedienings]-werk van Jesus vir ons as “broederlike liefde”: “[Jesus is] nie skaam om hulle Sy broers te noem nie” (*Heb. 2:11, NLV*). Dus behoort gelowiges vir mekaar te doen wat Jesus vir hulle gedoen het.

In die brief van Hebreërs word broederliefde deurgaans uitgelig. Dit beteken dat “julle mekaar elke dag aanspoor” sodat niemand kortkom aan die genade van God nie (*Heb. 3:13; Heb. 10:24, 25; Heb. 12:15–17*). Hoofstuk 13 behels talle elemente: gasvryheid (*Heb. 13:2*), om gevangenes te besoek en te ondersteun; ook diegene wat mishandel is (*Heb. 13:3*); om die huwelik eerbaar te hou en die huweliksbed onbesmet (*Heb. 13:4*); die vermyding van geldsug (*Heb. 13:5, 6*); respek en gehoorsaamheid aan die gemeentelidmers (*Heb. 13:7–17*), en om te bid vir die skrywer self (*Heb. 13:18, 19*).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 26 Maart.*

Liefde wat omgee vir God se kinders

Lees Hebreërs 13:1, 2; Romeine 12:13; 1 Timotheus 3:2; Titus 1:8; en 1 Petrus 4:9.
Watter rol het gasvryheid gespeel in die vroeë Christelike kerk?

Die Christendom was 'n swerwelingsbeweging wat dikwels moes staatmaak op die gasvryheid van mede-Christene en nie-Christene. Die aanwysing, “Vergeet die gasvryheid nie,” het klaarblyklik meer behels as net die gebaar om iemand in die huis in te neem; dit het ook die opsetlike versuim om iemand te verwelkom en tuis te laat voel, aangepreek.

Paulus het nie gasvryheid slegs vir medegelowiges in gedagte gehad nie. Hy het sy lesers daaraan herinner dat “sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg het” (*Heb. 13:2*). Hy het blykbaar gedink aan die besoek van die drie mans aan Abraham en Sara (*Gen. 18:2–15*). Om gasvryheid te openbaar beteken om wat joune is, met ander te deel, en meeleving of medelyde met ander te hê, net soos Jesus aan ons getoon het (*Heb. 2:10–18*).

Broederlike liefde teenoor diegene in die gevangenis, vra nie slegs dat ons die gevangenes in ons gebede sal onthou nie, maar dat ons bereid sal wees om verligting te gee deur die voorsiening van nodige middele en emosionele ondersteuning. In daardie tyd was daar 'n risiko verbonde aan gevangenisbediening. Daardie wat middele voorsien en emosionele ondersteuning gegee het, het die gevaar geloop om saam met die gevangenes deur die gemeenskap verwerp of vereenselwig te word. In 'n sekere sin word hulle “deelgenote” van diegene wat hulle help en stel hulle hulself bloot aan die kwesbaarhede van sosiale mishandeling (*Heb. 10:32–34*).

Paulus se aansporing word verbeeld in die beeldspraak en taal wat die lesers moes aanspoor tot bemoediging van die gevangenes. Eerstens doen die skrywer 'n beroep op die lesers vir hulle persoonlike ondersteuning aan hulle broers wat in die gevangenis opgesluit is. Hulle het saam met die ander wat hierdie dinge oorgekom het, “deelgenote geword” van hulle wat “in so 'n toestand verkeer het” en “deur smaad en verdrukking 'n skouspel geword het” (*Heb. 10:33, OAB*). Tweedens, vind die woord “mishandel” weerklank in die voorbeeld van Moses, wat gekies het “om liever sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê” (*Heb. 11:25, NLV*). Laastens pen Paulus die ideaal van broederlike liefde vas. Hy herinner die lesers daaraan dat hulle “self ook 'n liggaam het” (*Heb. 13:3, OAB*). Hulle deel dieselfde menslike behoeftes en behoort ander te behandel soos hulle behandel sou wou word, as hulle in soortgelyke omstandighede sou wees; d.i. in die gevangenis.

Wat meer kan ons doen vir diegene in gevangenis, hetsy hulle kerklede is of nie?

Geldgierigheid en seksuele onsedelikheid

Lees Hebreërs 13:4, 5; Lukas 16:10–18; 1 Korinthiërs 5:1; Efesiërs 5:3–5; en Kolossense 3:5. Watter twee euwels word in hierdie gedeeltes in verband gebring?

Paulus waarsku die lesers teen seksuele onsedelikheid en geldsug of inhagheid, omdat hierdie twee faktore ernstige bedreigings inhou vir broederlike liefde. Om die waarheid te sê, Nuwe Testamentiese skrywers en outydse sedepredikers het 'n verband gesien tussen hierdie twee.

Paulus se oproep om huweliksbande te respekteer behels die vermyding van enigiets wat dit sou onteer. Hierdie vermyding sluit beide die verbreking van die huweliksgelofte en ongeoorloofde egskeidings in (*vergelyk met Matt. 19:9*). Die vermaning om die huweliksbed 'onbesmet [te] hou' verwys na die ontheiliging of skending van die huweliksverhouding buite die huwelik. Die uitdrukking "hoereerders" verwys in die Nuwe Testament na enige vorm van seksuele onsedelikheid (*1 Kor. 5:9–11; 1 Kor. 6:9, 10; Ef. 5:5; 1 Tim. 1:9, 10; Op. 21:8; Op. 22:15*). Daarby was die Grieks-Romeinse gemeenskap baie laks ten opsigte van seksuele etiek. Dubbele standaarde was algemeen; dit het mans, in die besonder, sogenaamde vryheid gebied in hulle seksuele verhoudings, solank hulle dit baie diskreet hanteer het. Paulus waarsku egter, dat God die wat owerspel pleeg, sal oordeel. Gelowiges moenie toelaat dat sosiale gewoontes of gebruike die maatstaf stel vir hulle persoonlike etiek en standaarde nie.

"Geldgierigheid" [geldsug] was een van die grootste euwels in die Grieks-Romeinse wêreld. Om die waarheid te sê, in 'n ander brief van Paulus verwys hy na "geldgierigheid" as die bron van alle kwaad (*1 Tim. 6:10*).

Die verweer teen hierdie euwel is 'n ingesteldheid of 'n gesindheid wat Paulus in verskeie sendbriewe aanmoedig. Eerstens, behoort hulle "vergenoeg te wees" met die dinge wat hulle gehad het (*lees ook 2 Kor. 9:8; Fil. 4:11, 12*). En meer nog, Christene behoort God se belofte te glo en aan te gryp dat God hulle "nooit sal los . . . of verlaat nie" (*Heb. 13:5*). Hierdie belofte was by verskillende plekke en op verskeie oomblikke aan Sy kinders gegee, en dit is vandag nog beskikbaar (*Gen. 28:15; Deut. 31:6, 8; Jos. 1:5; 1 Kron. 28:20*). Gelowiges word dus uitgenooi om op God se belofte van Psalm 118:6 te reageer: "Die Here is by my, ek ken geen vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen?" Hierdie teksversverwysing is so gepas, want die psalmdigter gee hier uitdrukking aan sy vertrou wat hy in God stel, ondanks sy lyding en seerkry wat hy deurgemaak het weens die toedoen van ongelowiges en teenstanders.

Op watter maniere word seksuele reinheid ondermyn deur die hedendaagse samelewing? En terselfdertyd: Word die onversadigbare geldgierigheid van die mens ooit bevredig in hierdie tye of samelewing? Noem praktiese maniere hoe ons weerstand kan bied teen hierdie twee gevaarlike euwels?

Onthou julle voorgangers [leiers]

Lees Hebreërs 13:7–17. Hoe behoort ons verhouding met ons leiers daarna uit te sien?

Hebreërs 13:7–17 bevat vermanings en aansporings om die leiers van die gemeente te respekteer en te gehoorsaam. Dit begin met ’n uitnodiging om te onthou, “te dink aan” die “voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het” en dit sluit af met ’n oproep om “gehoorsaam en onderdanig te wees aan hulle” wat teenswoordig die leiers is (*Heb. 13:17*). Die leiers van die verlede [voorgangers] is heel waarskynlik daardie wat eerste die woord gepredik het en die gemeente gestig het. Die oproep om “te dink aan hulle” verwys nie eenvoudig net na ’n breinoefening of ’n herroeping, of na ’n uiterlike huldeblyk nie. Paulus verduidelik dat die Hebreërs moet “dink aan” hulle deur die voorbeeld van hulle lewenswandel en geloofsvertroue wat hulle in God gestel het.

Volgens Paulus, word die grootste gebaar van respek en lof, betoon in die nastrewing van die deugde van die stigtersleiers van die gemeente. Daarom voeg Paulus die kerkvaders van die gemeentes by die naamlys van geloofsvaders – sodat hulle onthou kan word deur die gelowiges. Hierdie lys sluit die geloofshelde van Hebreërs 11 in, met Jesus, as die volmaakte Voorbeeld van geloof, soos Hebreërs 12 bevestig. Die skrywer merk verder op dat Jesus “is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (*Heb. 13:8, NLV*). Hy staan in skrilte kontras met die valse leermeesters wat mettertyd verander en wie “allerhande vreemde” leringe leer (*Heb. 13:9, NLV*).

Die oproep in Hebreërs 13:7 om die voorganger-leiers te onthou, word herbevestig in kragtiger woorde aan die einde van hierdie afdeling. Gelowiges word vermaan om die voorgangers of leiers te gehoorsaam en te eerbiedig, want hulle is die sielebewakers van hulle gemeentes. Die voorgangers wat hier beskryf word is die kerkleiers en -vaders wat die leiding moet neem ten opsigte van hulle kudde, en wat rekenskap moet gee aan God vir hulle gemeente se geestelike welstand (*lees ook 1 Pet. 5:1–4, 1 Kor. 3:10–15*). Hierdie gedagte behoort sekerlik ook van toepassing te wees op al ons kerkleiers, op al die vlakke van die hedendaagse kerkdenominasie.

In dié konteks word ’n aanduiding gebied dat hierdie leiers herders is onder Jesus, wat onder Jesus dien, “die groot Herder van sy kudde” (*Heb. 13:20, NLV*). Die kombinasie van die leiers se tederlike sorg en getrouheid, saam met die gehoorsaamheid en vertroue van die gemeentelede in hulle gestel, sal vreugde tot gevolg hê. Dit kan beteken dat die leiers in staat sal wees om die gemeente met “vreugde” te dien, of dat hulle rekenskap van die gemeente aan God kan gee met vreugde en “nie kla nie” (*Heb. 13:17, NLV*).

Watter bydrae kan jy maak om die leier-/lidmaatverhouding te versterk in jou gemeente, asook met die kerkleiers rondom die wêreld?

Pasop vir allerhande vreemde leringe

Vergelyk Hebreërs 13:9; Hebreërs 2:9; Hebreërs 4:16; en Hebreërs 6:19, 20. Van waar word barmhartigheid en genade verkry? Hoe word ons harte versterk?

In Hebreërs 13:9 word die verband beskou tussen valse leringe en voedsel; dit verwys waarskynlik nie na die onderskeid tussen rein en onrein voedsel nie.

Waarom nie?

Paulus se geestelike besorgdheid in die sendbrief, gaan eerstens nie oor die onderskeid tussen rein en onrein voedsel nie. Uit Handeling 15 leer ons dat die Vroeë Christelike kerk verklaar het dat gelowiges gered word deur genade (*Hand. 15:7–11*) en dat hulle moet voortgaan om by die voedselvoorskrifte te bly (*Hand. 15:19, 20*). Die onderskeid tussen rein en onrein voedsel en ander bybelse voorskrifte is nie téén genade nie. Om die waarheid te sê, Paulus gaan van die standpunt uit dat die wet in die hart opgeskrywe is onder die nuwe verbond (*Heb. 8:10–12*). Die skrywer maak dit egter baie duidelik dat die diereoffers en die Levitiese priesterlike versoening in die heiligdom vervang is deur die Volmaakte Offer en priesterlike versoeningsbediening van Jesus (*Heb. 8:4, 5; Heb. 10:1–18*).

Tweedens, in konteks beskou, verduidelik Paulus dat hy nie die gehoor kritiseer vir die onthouding van sekere voedsel nie, maar vir die gebruik daarvan met die hoop om sodoende genade te verkry (*Heb. 13:9*). Hy waarsku waarskynlik teen die deelname aan Joodse rituele of voedseloffers wat saam met die diereoffers in die tempel gebruik was en veronderstel was om geestelike voordele, of genade, te voorsien. Maar genade word nie deur hierdie voedseloffers verkry nie; genade kom slegs deur die volmaakte offer en priesterlike bediening van Jesus Christus. Gelowiges “het ’n altaar” (*Heb. 13:10*), die kruis van Christus, waarvan hulle kan eet (*Joh. 6:47–58*).

Volgens Hebreërs, kom “genade” van die genadetroon van God (*Heb. 4:16*). Dit is hierdie genade, deur Christus bewerk, wat ons het “as ’n anker van die siel, wat veilig en vas is en ingaan to die genadetroon van God (*Heb. 6:19, 20; vergelyk met Heb. 4:16*). Dit is hierdie genade wat ons ontvang deur die offer van Christus, wat standvastigheid en versterking aan ons harte gee. Wanneer die hart op hierdie manier “versterk” is, sal dit nie “meegevoer word” deur “nuwe of vreemde leringe nie” (*Heb. 13:9*), ook sal dit “nie dalk wegdrywe” van God nie. (*Heb. 2:1, NLV*).

Dink na oor Christus se volmaakte offer. Waarom is dit so dat enigiets wat ons “byvoeg” tot hierdie offer, in teenstelling is met die evangelie en die genade wat in Jesus gevind word?

Gaan na Jesus buitekant die laer

Vergelyk Hebreërs 13:10–14, Markus 8:34, Mattheus 10:38, Lukas 14:27, en Galasiërs 2:20. Wat beteken it om na Jesus buitekant die laer te gaan?

Die plek buitekant die laer was die plek waar die as van die offerdier se karkas weggegooi word en daar op 'n houtvuur verbrand word. (*Lev. 4:12*). Die melaatses was hier ook uitgesluit uit die laer (*Lev. 13:46*) en lasteraars en ander kriminele oortreders was hier tereggestel (*Lev. 24:10–16, 23; 1 Kon. 21:13; Hand. 7:58*). Met die beheermaatreëls daargestel was daar van die verondertelling uitgegaan dat God se teenwoordigheid binne die laer in hulle midde sou wees. Alles wat onrein geag was, was buitekant die kamp uitgestuur of afgesonder, want God wou nie enigiets wat “onrein” of “skandelik” is, daarin hê nie (*Num. 5:3, Deut. 23:14*).

Jesus het gely aan die kruis buite Jerusalem (*Joh. 19:17–20*). Dit beklemtoon die skande wat oor Hom gehang het (*Heb. 12:2*). Hy was amptelik veroordeel as een wat “godslastering” gepleeg het, en was dus verwerp deur Israel en tereggestel buite die muur (*Mark. 14:63, 64; lees ook Lev. 24:11, 16*). Jesus was uitgestuur buite die laer as 'n “skandelik,” “onrein,” of “onbehoorlike” verfoeisel (*Heb. 12:2*). Paulus spoor gelowiges egter aan om Jesus te volg buitekant die laer, waar Hy die skande verduur en verdra het (*Heb. 12:2; lees Heb. 13:13*). Hierdie was ook die pad wat Moses gevolg het, toe hy verkies het om “die smaad ter wille van Christus te ly” in die plek van die “skatte van Egipte” (*Heb. 11:26*).

Hebreërs stel egter 'n paradoks: Hebreërs beweer dat God se teenwoordigheid nou buitekant die laer is. Die gebaar om Jesus buitekant die laer te volg, beteken nie slegs om “Sy smaad te dra” nie, maar ook om “[uit te gaan] na Hom toe buitekant die laer,” (*Heb. 13:13, OAB*) net soos daardie Israeliete wat “uitgegaan het na die tent van samekoms” en die Here gaan soek het “buitekant die laer” in die woestyn toe Moses God se tent verwyder het na die goue kalf-episode (*Ex. 33:7, NLV*). Hierdie verslag suggereer ook dat die verwerping van Jesus deur ongelowiges, ook die verwerping van God versinnebeeld, soos Israel getoon het deur hulle afvalligheid van God met hulle aanbidding van die goue kalf (*Ex. 32, 33*). Dus is die weg na God, ook die pad van smaad en skande.

Paulus nooi die lesers om Jesus te volg as “die Begin en Voleinder” van hulle geloof (*Heb. 12:2*). Hy nooi hulle blindweg om hulle teenwoordige lyding te beskou as 'n tydelike tug wat “'n goeie vrug: vrede . . .” (*Heb. 12:11*) sal voortbring. “Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige . . . waarvan Godself die ontwerper en bouer is” (*Heb. 13:14, OAB; Heb. 11:10, 16, NLV*).

Wat beteken dit vir jou om Jesus te volg “buitekant die laer”? Watter aspekte van die geloofslewe in Jesus mag moontlik vir jou “smaad” en “skande” meebring van diegene om jou?

Vir verdere studie: “Na die uitstorting van die Heilige Gees, . . . het gelowiges hulle verbly in die soete gemeenskap van die heiliges. Hulle was sagmoedig, bedagsaam, selfverloënd, gewillig om enige opoffering te maak ten gunste van die waarheid. In hukle daaglikse omgang met mekaar, het hulle die liefde van Christus, wat hulle gebind het, openbaar. Deur onselfsugtige woorde en daade het hulle gestrewe daarna om hierdie liefde in ander se harte te laat ontbrand. . . .

“Geleidelik het ’n verandering ingetree. Die gelowiges het die tekortkominge van ander begin agterkom. Deur voortdurend te let op ander se foute, deur ’n onvriendelike kritiserende gees, het hulle die Heiland en Sy liefde uit die oog verloor. Hulle het strenger kritiek uitgespreek ten opsigte van die uiterlike aanskyn van dienste en seremonies; hulle was meer ingestel op die teorie as die beoefening van die geloof. In hulle naywer om ander te veroordeel, het hulle hul eie sondes en foute oorgesien. Hulle het hulle liefde vir mekaar (waarmee Christus hulle saamgebind het), verloor. En die mees tragiese van alles was dat hulle onbewus was van hulle verlies. Hulle het nie besef dat geluk en vreugde besig was om uit hulle lewens te verdwyn nie, aangesien die liefde van God wat eens in hulle harte was, nou uitgesluit was; hulle sou spoedig tot die ontnugtering kom dat hulle in duisternis wandel.

“Johannes het tot die besef gekom dat broederlike liefde grootliks ontbreek het in die gemeente. Hy het die gelowiges doelmatig aangepor om hulle voortdurende behoefte aan hierdie liefde te besef. Sy briewe aan die gemeente is oorweldig deur hierdie gedagte. ‘Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God Sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het as ’n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons mekaar lief te hê.’”—Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, ble. 547, 548. [Vry vertaal]

Vrae vir bespreking:

- ① Ons Christelike lewe word dikwels beskou as die persoonlike, individuele verhouding tussen Jesus en die gelowige. Dit is egter maar een aspek van die Christelike lewenswandel. Waarom is dit belangrik om te besef dat God ons lei as ’n gemeente of ’n kerkgroep? Wat is my verantwoordelikhede teenoor die gemeente of die kerkgroep? Watter verwagtinge koester ek van die gemeente of die kerkgroep?
- ② Wat sou jy sê, is die beste aanwysers dat daar stewige [gemeentelike] liefdesbande in die gemeente is? Wees voorbereid daarop om ’n lys hiervan op te stel in jou Sabbatskoolklas.
- ③ Wat behels ware broederliefde? Hoe sien sulke broederliefde daarna uit? Met ander woorde: Wat is die kenmerke, die oorsake en die gevolge van ware broederliefde? Hoe sou jy dit onderskei van valse broederliefde?